

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 41e Uitgawe 6 Junie 2014 saam met Koersvas 41



KONSENSUS

Met die tweede Bondsvergadering voor die deur, is dit vir die Skietlood 'n saak van groot belang dat daar rondom een saak stemming gemaak word. Om stemming te maak, beteken om een saak voor ander aan te beveel en om op verskillende wyses hierdie saak te bevorder.

Die Skietlood wil aan afgevaardigdes die eenvoudige vraag stel; "Is u bereidwillig om te werk tot konsensus bereik is?"

Wat beteken konsensus en waarom die aandrang dat dit nagestreef moet word?

Alvorens die twee vrae beantwoord word, wil ons u tog vriendelik daarop wys dat dit die basis was waarop besluite geneem is deur die Beswaardes, die steeds Hervormers asook die eerste lede van die Bond, nog voor die Bond 'n naam gehad het. Groot besluite is eenparig geneem, maar sekere besluite is met konsensus geneem. Dit het soms beteken dat die Bond "stadig" beweeg het, maar dat almal saam die nodige kopskuiwe gemaak het.

Wat beteken "konsensus"?

Konsensus kom neer op 'n ooreenstemming in menings. Dit beteken met ander woorde dat daar gesoek word totdat daar 'n standpunt verwoord word waarmee almal teenwoordig tevrede is.

Die vertrekpunt is dat nie almal dieselfde dink of redeneer nie. Hierdie vertrekpunt moet erkenning geniet, veral in die Bond waar die versoeking is

om te verwag dat almal dieselfde dink of moet dink.

Natuurlik is daar sake waarvoor daar gewoon 'n meerderheid van stemme nodig is. Administratiewe sake en perifere aangeleenthede kan gemaklik met 'n telling van stemme afgehandel word. Sake waarin beginsels ter sprake is, vra vir 'n ander benadering.

Konsensus is nie dieselfde as "eenparig" nie. Die woord eenparig verwys na 'n saak waarvoor almal dieselfde dink en glo. "Die Bybel is woord van God" sal as formulering eenparig ondersteun word. Daar is gemeentes waar die gemeentes eenparig besluit het om hulself te distansieer van die leiding van die NHKA. Eenparig is konsensus tot die mag van almal.

Konsensus is ook nie demokrasie nie. Die tirannie van die demokrasie word duidelik geïllustreer in die RSA waar die regerende party na willekeur optree na aanleiding van die hoeveelheid stemme wat hulle ontvang het in die verkiesing. Die demokrasie weeg nie, tel net en is daarom ook tiran in die NHKA. Die 69e AKV asook die BAKV se besluite is bewys van die demokrasie as tiran teenoor selfs die waarheid.

Konsensus is nie kapitulasie nie. Om tot konsensus te kom, is om te kom op 'n terrein waar almal gemaklik nadink oor die besluit wat geneem word, sonder dat iemand voel dat hulle hulself moes verloën.

Konsensus is ook nie dwang nie. Dit is met ander woorde nie so dat een party 'n ander dwing en manipuleer om toe te gee nie.

Konsensus is allermens om net een opsie te oorweeg. Eerlike konsensus bereik 'n besluitpunt juis deur alle opsies en standpunte te oorweeg, beredeneer en beoordeel.

Konsensus word bereik daar waar die fokus verskuif word van die mens en sy begeertes na die saak en dié se meriete. Dit beteken dat die gespreksgenote moet aanvaar dat daar 'n mate van objektiwiteit bereik kan word. Vir ons as mense is dit nie beskore om die volle objektiewe waarheid te aanskou nie. Tog glo ons dat ons in ondersoek en met toegespitsde dissipline nader aan die waarheid kan beweeg. Dit is vir die rede dat konsensus 'n groter potensiaal besit om die waarheid te bereik.

Dit bring ons by die tweede vraag: "Waarom hierdie aandrag op konsensus?"

Die eerste antwoord is reeds gegee. Konsensus besluite bevat die potensiaal om nader aan die waarheid te kom as wat demokrasie ooit kan droom om te bereik. Die teendeel is waar van demokrasie, en dit is dat mense die meerderheid se besluit gelyk kan stel met die waarheid. Konsensus beweeg egter nader aan die waarheid, sonder om dit as absoluut te stel.

Die belangrikste konsensus besluit wat dien as volgende rede is die heel eerste algemene kerkvergadering se besluit. Ons lees in Handeling 15 dat konsensus die gelowiges daartoe gebring het om te kan stel dat "*die Heilige Gees en ons het besluit om*

verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge." Wat van belang is, is dat die moontlikheid van verdienste uit goeie werke of goeie nalate of besnydenis hier afgewys is. Dit is 'n Evangeliese waarheid dat dit genade alleen, geen verdienste is wat ons saligheid verseker. Dit was 'n konsensus besluit.

In die derde instansie is dit so dat konsensus verseker dat almal deel bly van die proses, beweging of groep. Nie net omdat hulle "gelukkig" is nie, maar veral omdat hulle medeverantwoordelik is vir die keuses wat gemaak is en die besluite wat geneem is.

Die strewe na konsensus moet opsigself 'n konsensus-besluit wees. Indien iemand deelneem aan 'n gesprek wat na konsensus strewe, maar die persoon is daar om deel te wees van 'n eie wil afdwing of 'n magspel, sal die pogings bly verongeluk. Daar moet met ander woorde willens en wetens, eenparig besluit word om met konsensus besluite te neem.

Die teendeel is net so belangrik, en dit is dat die gespreksgenote mekaar moet vertrou. Vetroue verseker dat daar saam gesoek word na antwoorde.